



Gebedsleiding Week 47 (Deel B)

“en My volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bese weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.” (2 Kronieke 7: 14)

“en My soek”

1. Bid dat volwasse Christene die voortou sal neem om die aangesig van die Here te soek, sodat die jonger generasies hulle sterkte en hoop in die Here sal vind, veral in krisistye. (Psalm 27: 9-11 en Hand. 17: 26-27)
2. Bid dat God ons geloof in Sy Alvermoë om bonatuurlik in te gryp, sal vergroot. Bid ook dat ons die verlanse die vleeslike, soos kos, vermaak en plesier sal laat staan, sodat ons die Here kan soek. (Heb. 11: 6; Markus 9: 23; Jak. 5: 16-18 en Jes. 58: 6-12)
3. Bid dat God se kinders en die land se leier nie hulle vertrouwe op die weermag, finansiële mag, strategieë of politieke mag en invloed stel om probleme op te los nie. Bid dat die Skrif alle besluitneming sal lei. (Sag. 4: 6; Jes. 55: 8-9; 48: 17; Jer. 9: 23-24; Psalm 147: 10-11 en Spreuke 21: 30-31)
4. Bid dat die kinders van God nie dink dat hulle selfonderhoudend is, soos ‘ons kan dit alles self hanteer’. Laat ons insien dat ons God se hulp en van ander uiters nodig het. (Joh. 15: 5; 2 Kor. 3: 5; Neh. 6: 16 en Jer. 2: 31-32)
5. Bid dat God se kinders hulle kleinikhede, persoonlike agendas en verdelende gedrag eenkant toe skuif, en werklik saamstaan in ‘n sterk verlanse na ‘n nuwe uitstorting van die Heilige Gees. (Psalm 133: 1-3; Efesiërs 4: 1-6)
6. Bid dat Christene eers die aangesig van God soek voor die seëning van God gesoek word. Ons hoofdoel sy goedkeuring is. Dat ons ons aandag en verlanse daarop fokus om Hom te plesier. (Ps. 27: 8; Open. 4: 11 en Kol. 3: 2)
7. Bid dat ‘n gesonde respek en eerbied vir die Here in ons hart en verstand woon. Vra die Here om ons van die vrees vir mense te verlos, die vrees wat ‘n valstrik is. (Spreuke 1: 7, 9: 10 en 29: 25)

“en wegdraai van hulle bese weë”

8. Bid dat Christene elke dag die woord van God sal oordink, sodat hulle rein gehou en van die sonde weggehou word, die Here van die hemele toelaat om hulle te verander na die beeld van Christus. (Ps. 119: 9-11; 1 Pet. 1: 13 – 2: 3; Rom. 8: 29; Fil. 1: 6; Hebr. 12: 4-13 en 2 Kor. 7: 1)
9. Bid dat Christen orals voor ‘n verlore en opletende wêreld, die verantwoordelikheid het om blaamloos te lewe
10. Bid dat die kinders van God opreg en dadelik hulle sonde sal erken, God se vergifnis sal soek en alle sonde toepaslik sal bely. (Rom. 2: 1-2 en Gal. 6: 1)
11. Bid dat die kinders van God oor hulle eie sonde sal treur en hoe dit die Heilige God affekteer. (Neh. 9 en 2 Kron. 7: 14)
12. Bid dat ‘n opregte bekering die reaksie op sonde vir die kinders van God sal wees en dat die heerskappy oor hulle daaglikse lewe aan Jesus Christus behoort. (2 Kor. 7: 9-10 en Matt. 7: 21)
13. Bid dat gelowiges ‘n gebroke en verslae gees sal hê as hulle bewus van hulle sonde in hul eie lewens en kerke word.

“sal Ek luister uit die hemel”

14. Prys God dat Hy sy hand uitstrek om te red en Sy oor nie te swaar is om te hoor nie. Noem aan die Here sy belofte dat Hy naby is aan almal wat Hom in waarheid aanroep. (Jes. 59: 1 en Ps. 145: 18)

“en hulle sonde vergewe”

15. Dank die Here vir sy belofte om almal wat hulle sonde bely en laat staan, genadig te wees. Dank Hom dat Hy trou en regverdig is om sonde te vergewe en ons van ongeregtigheid skoon te maak. (Spreuke 28: 13 en 1 Joh. 1: 9)

“en hulle land genees”

16. Prys die Here vir sy belofte om almal wat weggegly het te genees en die wonde van die gebrokenes sal verbind, die jare wat die sprinkane afgeëet het sal herstel. (Jer. 3: 22; Hosea 6: 1 en Joël 2: 25)